



## ALGEMENE INLIGING

### **BENODIGHDE**

Die volgende vereistes geld oor die algemeen vir alle ingeskreve kinders, raadpleeg asb. die verskillende benodigdhede lyste van elke individuele klas, vir meer pasgemaakte benodigdhede.

1. Kinders moet beskik oor 'n rugsakkie wat duidelik gemerk is.
2. Elke kind moet sy/haar eie, duidelik gemerkte en dig sluitende kosblik en koeldrankbottel (suigbottel) hê.
3. 'n Ekstra stel duidelik gemerkte speel klere moet in 'n plastieksakkie saam met u kind skool toe gestuur word. Speel klere moet vervang word na gebruik en sodra "potty-training" begin, word meer as een stel ekstra klere en broekies vriendelik versoek.
4. 'n Matrassie, laken (standaard-kot grootte) en kombersie is noodsaaklik vir kleuters wat die sentrum voldag bywoon – voorgeskrewe matrassies (1200mm x 550mm) is beskikbaar op bestelling by die kantoor en bly u eiendom. Beddegoed sal weekliks (Vrydae) aan ouers terugbesorg word om gewas te word.
5. Kleredrag moet gemaklik wees en moet kan vuil word – aktiwiteite sluit in verf en klei speel en kleuters speel soms buite in die sand. In die winterseisoen kan kleuters waterstewels dra en 'n ekstra paar skoene saambring. Alle kledingstukke moet duidelik gemerk wees.
6. Ouers moet self verantwoordelikheid neem om te verseker dat alle persoonlike items van kleuters (klere, haarknippies of -bande, brille ens.) elke dag in hul rugzakkies is voordat hulle die sentrum verlaat.
7. Indien items of kledingstukke in u kleuter se tas beland wat nie aan hom/haar behoort nie, bring dit asseblief die volgende dag terug na die sentrum.

### **SPEELGOED**

1. Ontmoedig u kind om persoonlike speelgoed en ander gunsteling besittings na die sentrum te bring om te verhoed dat sulke items dalk verlore raak. Uitsonderingskan gemaak word met inagneming van die kind se emosionele behoeftes.
2. Indien u kind per ongeluk van die sentrum se speelgoed of ander items huis toe neem, kan sulke items bloot die volgende dag aan die sentrum terugbesorg word.

## **VERJAARSDAE**

1. Eenmaal per maand word 'n gesamentlike klas partytjie gehou vir alle kleuters wat die bepaalde maand verjaar.
2. Ouers van die betrokke kleuters reël onderling met mekaar oor die verskaffing van bv. kolwyntjies of ander lekkernye wat tydens verjaardag vieringe geniet kan word.
3. 'n Gesikte datum vir die verjaardag vieringe sal deur die juffrou aan die betrokke ouers van die maand gekommunikeer word.
4. In die verjaardag maand van 'n kleuter skenk hy/sy een leesboekie aan die JA- biblioteek en op sy/haar verjaardag mag die kleuter 'n gunsteling speelding of anderitem saamneem klas toe om vir die res van die klas daarvan te vertel.
5. 'n Verjaardag is 'n baie spesiale geleentheid en verskaf groot opwinding by die sentrum!

## **SIEKTES**

Ouers moet asseblief hulself vergewis van die gesondheidsbeleid.

Geen siek kinders word by die sentrum toegelaat nie.

## **OUERBETROKKENHEID**

Die sentrum het 'n JA-ouerkomitee wat gedurende die jaar projekte aanpak wat fokus op gesellige samesyn, fondsinsamelings en inligting oor onderwerpe rakende ouers en kinders. U betrokkenheid hierby word hoog op prys gestel.

## **KONSERTE EN ANDER GELEENTHEDE**

Weens die huidige Covid-19 beperkinge vind daar geen funksies of konserte plaas nie. Sodra regulasies dit weer toelaat, kommunikeer ons dit dadelik aan u as ouer.